## 21.GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Josef werk vir Potifar – Genesis 39:1-20

Josef het in Egipte aangekom. Die handelaars het hom aan Potifar, een van die koning van Egipte se generaals, verkoop. Daar ver in die vreemde land was die Here by Josef. Dit het goed gegaan met Josef. Hy het sy werk goed gedoen. Potifar het dit gesien en hy het al meer op Josef begin staatmaak. Hy het Josef die voorman gemaak van almal wat vir hom gewerk het. So het Josef toesig gehou oor alles wat in Potifar se huis en op sy plaas gebeur het. Omdat die Here vir Josef gesorg het, het dit baie goed gegaan met Potifar. Hy het sommer baie ryk geword.

Potifar se vrou het gesien hoe goed Josef werk. Sy het ook gesien hy is mooi en fris gebou. Sy het verlief op Josef geraak. Josef wou niks van haar weet nie, want sy is dan getroud.

Eendag het Josef in Potifar se huis ingegaan om sy werk te doen. Daar was geen ander slaaf in die huis nie. Potifar se vrou gryp toe vir Josef aan sy klere. Josef het hom losgeruk en buitentoe gevlug. Maar 'n stuk van sy klere het afgeskeur. Die vrou het dit in haar hand gehad. Toe roep sy die ander slawe en sê: "Kyk wat het hierdie vreemde mansmens wat meneer Potifar as voorman aangestel het, aangevang. Hy wou my seermaak. Ek het hard om hulp geroep. Hy het geskrik en buitentoe gevlug, maar sy klere het hier agtergebly." Sy het hierdie leuen vertel om Josef in die moeilikheid te bring.

Potifar se vrou het die klere by haar gehou. Die aand toe Potifar van die werk af kom, het sy dieselfde leuen vir hom vertel. Toe Potifar dit hoor was hy woedend. Hy het Josef dadelik in die tronk gegooi. In die tronk is die mense glad nie goed behandel nie. Die koning van Egipte het niks van die mense in die tronk gehou nie. Baie van hulle is doodgemaak.

## 21. Josef werk vir Potifar – Genesis 39:1-20

**Inleidende aktiwiteit: Kollig:** Doen hierdie Bybelstudie in die aand sodra dit donker is. Skakel die ligte af sodat die vertrek donker is en sorg dat die gesin in 'n kring sit. Hou 'n flits by jou. Skakel die flits aan en skyn die lig op iemand in die kring. Moenie die lig direk in daardie persoon se gesig skyn nie, maar skyn dit onderkant die nek. Noem nou 'n ding wat die persoon baie goed in is. Dit kan bv wees dat die persoon goed is in 'n goeie vriend wees, liefde gee, 'n vak in skool, teken, ens. Gee dan die flits aan vir iemand in die kring en hulle moet dan die flits op iemand anders skyn en ook iets noem waarin daardie persoon goed is. Herhaal totdat almal 'n beurt gehad het.

**Vra:**

- Was dit moeilik of maklik om goeie dinge te sê oor die persoon waarop jy die lig geskyn het?
- Hoe het dit gevoel om te hoor hoe iemand goeie dinge van jou sê?

Dis lekker wanneer mense sien jy doen jou beste en vir jou sê jy doen goed. Maar selfs al sien niemand nie, is dit belangrik om jou beste te doen en goeie dinge te doen wat God gelukkig maak. Kom ons hoor of Josef so gemaak het.

Lees nou saam die Bybelstuk – Josef werk vir Potifar

**Vrae:**

1. Waar het Josef aangekom? (Egipte)
2. Aan wie is Josef verkoop? (Potifar)
3. Wie het Josef gehelp om sy beste te doen? (God)
4. Hoe sou jy gevoel het as jy Josef was en iemand het gejok oor jou sodat jy in die tronk beland?

**Aktiwiteit: Stomstreke:** Skryf situasies op stukkies papier neer waar iemand die regte ding moet doen, al is dit moeilik. Elke lid in die gesin trek 'n kaartjie en moet dan die situasie "uit act" sonder woorde. Die res van die gesin moet raai wat hulle wys.

**Voorbeelde:**

- Tel gemors op wat jy op die grond sien lê op en gooi dit in die drom sonder om gevra te word om dit te doen.
- Kies om nie 'n fliek/prent te kyk wat jy weet jou ouers nie sal wil hê jy moet kyk nie, al is jy by 'n vriend se huis en jou ouers nooit sal weet nie.
- Jy vind iemand se beursie met geld in by die winkel en jy kies om dit in te handig en nie die geld te neem vir jouself nie.
- Jy kies om weg te loop van mense wat skinder oor iemand anders en nie saam te praat nie.

**Gebedsgids:** Vra God om julle te help om altyd die regte ding te doen al is dit moeilik